



# Hoërskool Upington 2022

Posbus 43, Upington 8800  
H/V Parkstraat en Dr. Nelson Mandela Rylaan  
Tel: (054) 332 1491 • Faks: (054) 331 1456 • Sel: 062 605 5091  
admin@uppiesl.co.za • www.uppies.co.za • facebook.com/uppies

## KLEREDRAG

### SOMERSDRAG



### MEISIES

Somersrok, wit sokkies en swart voorgeskrewe skoene



### SEUNS

Wit hemp, 'n grys kort- of langbroek, grys skoolsokkies, swart toeryskoene. Indien 'n Langbroek verkies word is 'n skooldas verpligtend.

### WINTERSDRAG



### MEISIES

Skoolromp, hemp met skooldas, swart skoolkouse (nie dun tipe nie) of seunskoolkouse, swart skoolskoene, koningsblou oortrektrui (nie te groot) en skoolbaadjies.



### SEUNS

Wit langmou hemp met skooldas, koningsblou oortrektrui, skoolbaadjie, skoolsokkies, swart toeryskoene, grys kort- of langbroek.



## NETHEID

### MEISIES

Hare mag nie in die oë hang nie. Geen jel of soortgelyke middels word aan hare toegelaat nie. Slegs wit, koningsblou, skool oranje en swart haarlente word toegelaat.

Sodra hare oor die kraag hang, moet dit vasgebind word. Hare moet die natuurlike kleur wees en mag nie permanent gegolf wees nie.

Geen juweliersware en grimering mag gedra word nie, behalwe klein goudkleurige of silwerkleurige ooringe (maksimum 15mm in deursnee) sonder edelstene – een in elke oor.

Geen naellak word gebruik nie en naels mag nie oor vingerpunte wees nie.

Skooldrag word tydens skoolfunksies gedra. Sportdrag soos voorgeskryf.

### SEUNS

Hare mag nie wenkbroue en ore raak nie. Geen alternatiewe haarstyle, bv. Mowhawk, word toegelaat nie.

Hare mag nie hempkraag of baadjiekraag raak nie en moet geleidelik na bo gesny word.

Bakkebaarde nie laer as middel van die oor nie. Hare moet van natuurlike kleur wees.

## NETHEIDSKONTROLE

**Register- en vakonderwysers, asook die VRL lede, is op 'n daaglikse basis hiervoor verantwoordelik.**

Formele netheidskontrole sal onafgekondig op 'n deurlopende basis plaasvind.

Registeronderwysers onder leiding van die graadhoofde sal dit hanteer.

## ALGEMEEN

**Provinsiale klere mag nie na klasse gedra word nie, maar wel na sportgeleenthede met die toestemming van die betrokke sportafrigter.**